

PREEKSKETS MARKUS 2:18-22

Ons Here, Jesus Christus, het nie mens geword, aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan, sodat Hy maar net nog 'n "toevoeging" (add-on) saam met al die ander dinge in my lewe kan wees nie. Waar die Gees 'n ware geloof in 'n sondaar vonk, glo ek: **Ek behoort aan Jesus en Hy behoort aan my!**

In die gedeelte waarna ons so pas geluister het, gaan dit oor die uiters belangrike vraag: Wat is egte ware godsdienste? Die mense wat die vraag aan Jesus gevra het, het gedink hulle ken die antwoord. Hulle het gedink dat godsdienste bestaan uit daaglikse, weeklikse en jaarlikse seremonies en gebruike wat nagekom moet word, EN hoe meer ander godsdienstige "moets" jy hierby kon voeg, het dit God net liefver en liefver vir jou gemaak.

Jesus beskryf egte godsdienste met bruilofsvreugde! Hy is daar in Kapernaum saam met al die dissipels, ook iemand uit wie Hy 'n bese gees verdryf het, ook 'n melaatse wat Hy gesond gemaak het, ook 'n verlamde man wat Jesus weer laat loop het en ook Levi die tollenaar.... ag, en soveel ander ... **EN JESUS BESKRYF HULLE SAAMWEES AS DIE SAAMWEES TUSSEN 'n BRUIDEGOM EN SY BRUID.** Wat is die oorheersende gedagte in 'n bruidegom en bruid se gedagtes op hulle troudag? Ek behoort nou aan my bruid en sy aan my.

Om te sê ek glo, gaan nie oor net nog 'n ietsie wat ek moet doen om by my eie godsdienstigheid te voeg nie. **Dit gaan oor Christus ...**

- ... se volmaakte liefde vir my aan die kruis;
- ... wat al my sondeskuld betaal en daarvan vry maak sodat Hy vir my kan sê: Jy behoort nou aan my en Ek aan jou;
- ... wat uit die dood uit opgestaan het en deur sy Gees van my 'n totaal nuwe mens maak. *"Die oue is verby, die nuwe het gekom"* (1 Kor. 5:17)

Christenskap gebeur in 'n innige saamwees met Christus... ek by Hom en Hy by my. Daar is vir my niks so lekker as om net by Hom te wees, as om net saam met Hom te wandel en om net aan Hom gehoorsaam te wees nie. As Jesus ons leer hoe iemand lyk wat by al sy godsdienstigheid maar net nog ietsie wil byvoeg, gebruik Hy twee voorbeelde. In die eerste sê Hy:

"NIEMAND LAP TOG OU KLERE MET ONGEKRIMPTA MATERIAAL NIE..." = Godsdienstige mense lap ou geloof met 'n nuwe geloof wanneer hulle die lelike dinge in hulle lewe toemaak met 'n skynheilige voorgese

godsdienst. Niemand word bruid van Christus deur maar net die ou lelike gate in my lewe met iets moois te verberg nie.

“NIEMAND GOOI OOK NUWE WYN IN OU VELSASSE NIE”. Baie mense dink dat om 'n Christen te word, moet ek maar net so paar nuwe goeie dinge by my lewe voeg, terwyl ek onbekeerd met die res van my lewe kan aangaan. Christenskap word net nog 'n toevoeging tot jou reeds bestaande manier van lewe.

As ek dink om 'n Christen te wees, is maar net nog iets wat ek tot my bestaande EK kan byvoeg, of dit is net iets waarmee ek die slegte dinge in my lewe kan verbloem en mooi maak, VERSTAAN EK NIE hoe ellendig diep in die nood EK sonder Christus is nie. Dan is ons nie 'n tree beter as die kerkleiers in Jesus se tyd nie. Ons harte is die probleem! Christus het ons met alles aan die kruis gedien. Sy hart vol volmaakte liefde het Hom gedryf. Daarom vra Hy ook na ons harte. Hy stort tot sy Gees in ons harte uit om dit heeltemal nuut te maak.

Egte godsdienst is waar die Heilige Gees ...

- 'n dooie kliphart lewend maak deur die volmaakte liefde van Christus in daardie hart in te blaas;
- 'n sondehart heeltemal NUUT maak sodat hy opgewonde aan die klop gaan in die sekerheid: Jesus is myne en ek is Syne!

VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKSGROEPE

1. Wat was God se groot probleem met die OT'se volk? Lees Jer. 7:9-11
2. Hoekom dink julle het Jesus op 'n paar plekke (Mat. 9:15; 26:6; Op. 19:7) in die NT die beeld van 'n bruid & bruidegom gebruik om die verhouding tussen Hom en sy kerk uit te beeld en wat leer ons hierdeur?
3. Lees 2 Kor.5:17 en bespreek in die groep watter uitwerking dit op die gelowige het! Wees baie prakties.